

4 Desember

Skrifgedeelte: Openbaring 2:18-29

Fokusgedeelte: Openbaring 2:18

Jesus Christus het oë wat soos vuur vlam

God is alsiende. Hebreërs 4:13 beskryf dit soos volg: “Daar is ook niks in die skepping wat vir God onsigbaar is nie; alles lê oop en bloot voor sy oë.” Hy sien net mooi alles raak wat in sy kerk en in die lewe van die lidmate van sy kerk aan die gebeur is. Hy sien wat verkeerd loop. Hy sien nie alleen die onderduimse planne van Satan in die gemeente van Tiatira en in ons lewens raak nie, maar Hy sien ook hoe ons worstel om daarteen weerstand te bied. Spreuke 15:3: “Die Here sien oral; Hy hou slegte en goeie mense dop.” Job 34:21: “Hy hou die pad van die mens dop en sien elke tree wat hy gee.”

Jesus Christus sien en weet ook alles wat in jónu lewe gebeur. En Hy laat dit nie net daar nie. “Ek sal elkeen van julle straf volgens julle doen en late” (Op 2:23). Aan die ander kant leer die Bybel ons dat Jesus die Goeie Herder is wat noulettend en afsonderlik omsien na elkeen van die skape in sy kudde. Hy laat jou nooit onder sy alsiende oë uitgaan nie. Jy kan dus elke volgende tree gee en elke nuwe dag ingaan met die algehele sekerheid dat jy nie alleen is nie. Christus *kýk* nie bloot passief na jou nie. Nee, Hy is *intens betrokke* by jou, tot in die fynste besonderhede van jou lewe. Hy rig en bestuur jou hele lewe. As Herder lei Hý jou. Hý laat dinge in jou lewe met jou gebeur presies soos wat Hy wil hê dit móét gebeur, volgens sy alwyse en foutlose raadsplan. Vreugde, siekte en teëspoed, swaarkry en hartseer – Christus sien dit alles uit die hoë hemel raak, en Hy beskik dit só dat dit vir jou die beste is dat dit op jou pad gekom het, al verstaan jy daar niks van nie.

Sing: Skrifberyming 41:1-5

Dr AH Grové (Klerksdorp-Noord)